# DOEANE-BERGINGSPAKHUIS

Doeane-bergingspakhuise is persele/fasiliteite wat gelisensieer is vir die berging van ingevoerde goedere vir tuisverbruik, tuisverbruikprosessering, tweedehandse motorvoertuie alleenlik vir uitvoer, belastingvrye winkels, lewering van hefbare plaaslik-vervaardigde/ingevoerde goedere na skeeps- of lugvragstore, heffingvrye ingevoerde goedere alleenlik vir uitvoer, konsolidering, dekonsolidering en vir uitvoerdoeleindes vir 'n voorgeskrewe tydperk.
Die goedere word gestoor totdat 'n behoefte ontstaan waarby 'n vorige pakhuisverklaring geprosesseer sal word vir die verwydering daarvan van sodanige doeane-bergingspakhuis. Op dieselfde tyd sal die gelisensieerde/eienaar van die goedere vereis word om die heffings en BTW te bring, indien van toepassing, op die oomblik van klaring. Die goedere mag nie verwyder word van/na of geplaas word in sodanige fasiliteit totdat 'n geldige doeane-verklaring geprosesseer en deur Doeane aanvaar is nie. Vir verdere besonderhede, verwys na die *Registration, Licensing and Designation external policy*.

**Soorte doeane-bergingspakhuise**

- **Bergingspakhuis**

Hierdie persele/fasiliteite is gelisensieer ingevolge artikel 19 vir die berging van belasbare ingevoerde goedere, insluitend voorraadhouers. Die goedere wat in hierdie fasiliteite gestoor word, is gewoonlik bedoel vir tuisverbruik of tuisverbruik-prosesseringsdoeleindes.

**Watter vorms word vereis vir die doeane-bergingspakhuis lisensie-aansoek?**

  - DA185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients
  - DA 185.4B3 - Licensing Client Type 4B3 - Storage Warehouse
  - DA185.C - Annexure Security Particulars.

- **Bergingspakhuis [doeane-beheergebied (CCA) onderneming]**

Hierdie persele/fasiliteite is gelisensieerde doeane-bergingspakhuise binne 'n aangewese plek binne 'n spesiale ekonomiese sone geleë, wat deur die minister van handel en industrie, asook doeane goedgekeur is.

**Watter vorms word vereis vir die lisensiëring van 'n doeane-beheergebied (CCA) bergingspakhuis?**

  - DA185 – Application form: Registration / Licensing of Customs and Excise Clients;
  - DA 185.4B9 – Special Storage Warehouse (Customs Controlled Area Enterprise) - Artikel 19A, 21, 21A en reël 21A.10; en
  - DA185C – Security Particulars, indien waarborg nodig is.

- **Spesiale bergingspakhuis**

Hierdie persele/fasiliteite word gelisensieer vir die berging van:

  - Belasbare ingevoerde goedere, insluitend tweedehandse motorvoertuie, alleenlik vir uitvoer;
  - Belastingvrye goedere vir uitvoer ingevolge artikel 21(3), insluitend konsolidering en dekonsolidering;
  - Ingevoerde goedere vir 'n operasie van 'n inkomende of uitgaande belastingvrye winkel.

**Hoe om aansoek te doen om 'n spesiale bergingspakhuis (SOS) te bedryf?**

- Voltooi die vereiste aansoekvorm en toepaslike bylaag/bylae.
- Stuur gesertifiseerde stawende dokumente, gesertifiseer soos op die vorm gelys.
- Betaal die vereiste lisensiefooi.
- Betaal die sekuriteitsfooi indien van toepassing.

**Watter vorms word vereis vir die lisensiëring van 'n spesiale doeane-bergingspakhuis?**

  - DA185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients
  - DA 185.4B4 - Licensing Client Type 4B4 - Special Storage Warehouse
  - DA185.C – Security Particular, indien borg nodig is.

**Is 'n polisieklaringsertifikaat nodig vir lisensiëring van 'n SOS-pakhuis vir tweedehandse voertuie en wanneer moet dit ingedien word?**

Die polisieklaringsertifikaat moet die aansoek vergesel, indien beskikbaar - indien nie, moet dit met invoer en inklaring by die goedgekeurde pakhuis getoon word.

**Kan 'n bergingspakhuis hervestig word?**

Die hervestiging van die pakhuis sal slegs toegelaat word indien die voorgestelde perseel in dieselfde beheerder/takbestuurder se area geleë is onderhewig aan nakoming van die terme en voorwaardes van die lisensie. Verwys na die *Registration, Licensing and Designation external policy*.

**Top wenk:** Om oortreding te vermy, moet die gelisensieerde die eienaar/invoerder van die tweedehandse voertuie wees; geen tweedehandse voertuie kan namens ander mense gestoor word nie.